
'n Lewe van
GEBED

Ons sien uit na die tweede Bybel Marathon, ‘n groot geleentheid waar ons vir vier dae, dag en nag, tyd spandeer om die Woord van God te lees.  Ter voorbereiding van hierdie uitdaging, hou ons ‘n gebedsgeleentheid om dit af te skop.

Gebed is een van die hoekstene van die Christen geloof.  Dit gaan hand en hand met die lees van God se Woord en gehoorsaamheid aan Sy wil.

***Wat is die effek van gebed in ons geloofslewe?***

Dit leer ons 4 baie belangrike beginsels van die lewe:


RITME
EENVOUD
RUSTIGHEID
BEPLANNING

Toe Jesus sy dissipels van gebed geleer het met die Onse Vader (**Matteus 6**), het hy vooraf hulle ook geleer hoe om te vas en hoe om na armes om te sien.  Gebed is een van daardie manière waarop ons gesonde geestelike dissiplines kan handhaaf.

***Hoe lyk jou daaglikse ritme?***
***Wat is roetines en dissiplines wat jou weekliks op koers hou?***

Gebed is een van daardie eeue-oue ritmes wat ons help om gefokus te bly, geestelik gesond te bly en die ops en afs van die lewe te hanteer.

***Watter nuwe roetines & dissiplines is daar wat jy graag wil aanleer?***




'So sê die Here: Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie.
Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind. **JEREMIA 6:16**


RITME
EENVOUD
RUSTIGHEID
BEPLANNING

Gebed hoef nie gekompliseerd te wees nie.  Jesus leer dat dit nie ‘n stortvloed van woorde moet wees nie.  Gebed leer ons ‘n terugkeer na eenvoudige, basiese lewe waar ons eenvoud koester.  Dis opreg en eerlik.  Dit kos nie geld nie, dit hoef nie nuut en slim of ver en hoog te wees nie.

***Wat maak jou lewe tans gekompliseerd?***
***Hoe kan jy ‘n meer eenvoudige lewe kweek?***

Lees die aanhaling deur AW Tozier en bespreek wat dit vir jou beteken.


"Distractions must be conquered
or they will conquer us.
So let us cultivate simplicity;
let us want fewer things;
let us walk in the Spirit;
let us fill our minds with the Word of God
and our hearts with praise.
In that way we can live in peace
even in such a distraught world as this."
AW Tozier


RITME
EENVOUD
RUSTIGHEID
BEPLANNING

Gebed plaas remme op ons vinnige lewe.  Net voor die Onse Vader bevel Jesus aan dat jy na jou kamer moet gaan, die deur moet toemaak en dan moet bid.  Ons bid soms in die verbygaan, maar gebed is ‘n stilword oomblik, ‘n terugkeer na ‘n stadiger pas.

In die wagkamer van die lewe, keer gebed dikwels onnodige woede, verkeerde dade, of paniek.  Gebed help ons om ‘n rustiger lewe te ly.

***Wat maak jou lewe tans baie besig?***
***Hoe kan jy doelbewus hierdie vinnige pas vertraag?***


SLOW
DOWN


RITME
EENVOUD
RUSTIGHEID
BEPLANNING

Laastens herinner gebed ons aan God se grootheid en goedheid en die plan wat Hy vir ons het.  Dit help ons om af te pak en vorentoe te beweeg, op te staan en aan te gaan.

Voordat ons iets aanpak in die lewe, is beplanning baie nodig en kan dit help om onnodige probleme te vermy.

Hierdie vier beginsels – Ritme, Eenvoud, Rustigheid, Beplanning - kan ons help om baie meer doelgerig en gefokus deur die lewe te gaan.

***Met watter een sukkel jy tans die meeste?***


PLAN:

Psalm 27 is ‘n psalm van Dawid wat hy waarskynlik geskryf toe hy gevlug het vir Absalom of Saul. Hy het vreesaanjaende fisiese en emosionele dinge beleef – party wat werklik aan die gebeur was, ander wat heel waarskynlik kon gebeur en dinge waarvoor hy sommer net bang was.

Hy vra nie vir God om dit weg te vat nie, maar bevestig dat God reeds die oorwinnaar is en ‘n veilige vesting in enige situasie. In sy hulproep, kry hy rustigheid en perspektief en kan hy opnuut sy vertroue in die Here plaas.

***Wat sien jy nog raak in hierdie psalm? Hoe laat dit jou aan jou eie krisisse dink? Watter uitdagings staar jy moontlik nou in die gesig?***

# PSALM 27

Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees?
Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?
As misdadigers op my afstorm om my dood te maak,
my teëstanders en my vyande, dan is dit juis húlle wat struikel en val.
Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie.
Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertroue hê.

**Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag:**
**dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en**
**daaroor na te dink in sy tempel**.

Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis,
my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan;
ek sal in sy woonplek onder trompetgeklank my offers bring,
ek sal 'n lied sing, ek sal sing tot die eer van die Here
terwyl ek neerkyk op die vyande rondom my. '

# PSALM 27

'Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed.
Ek onthou wat U gesê het: “Julle moet My kom dien!”
Ek is hier om U te dien, Here.
Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp.
Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red.
Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem.
Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie.
Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan.
As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ...!
Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed!
Ja, vertrou op die Here!'



Ons lewe in ‘n deurmekaar wêreld met honderde uitdagings daagliks.  Dit is die realiteit.  Ons lewe nie in ‘n vakuum of ‘n utopia nie.  En alhoewel ons baie balle in die lug moet hou, kan ons eintlik net op een op ‘n slag fokus.

***Watter bal is dit wat tans jou meeste aandag geniet?***

**Lees vers 4**.  In Dawid se warboel, help gebed hom om sy ritme terug te kry, sy lewe minder gekompliseerd te maak, rustig te raak en te beplan wat hy nou gaan doen.



**NET EEN DING** HET EK VAN DIE HERE GEVRA EN DIT SAL EK NAJAAG:

**DAT EK MY HELE LEWE LANK IN SY HUIS MAG WOON OM SY GOEDHEID TE BELEWE EN DAAROOR NA TE DINK IN SY TEMPEL.**

***Wat is die een ding waarop hy nou fokus?***

Hy wil sy lewe lank in die Here se huis woon. Dit beteken hy wil wees, tabernakel, tent opslaan, gemaklik en veilig in die Here se teenwoordigheid wees. Hy wil daar sy battery herlaai, en die Here werklik leer ken.

***Wat behels hierdie "tabernakel" met die Here?***

1. Om Sy goedheid te belewe
2. En na te dink in Sy tempel

Dit behels basies dat Dawid die Here wil ervaar, maar ook meer van Hom wil leer en wil groei.

Lees nou **Heb 12:1-2** – watter een ding fokus die skrywer hier op?
Lees nou **Lukas 10:4-42 –** wat is Jesus se advies vir Marta?



## *Heb 12:1-2*

*'Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar **een ding doen ek**: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. '*



## *Lukas 10:40-42*

*'Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: "Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!" Maar die Here antwoord haar: "Marta, Marta, **jy is besorg en bekommerd oor baie dinge**, **maar net een ding is nodig**. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie."'*


“Ek hou daarvan om soms net op te
hou bid… en te staar na bo…”


Die Here weet ons lewens is besig en vra baie van ons in alle rigtings.  Hy vra nie van ons om onsself te onttrek uit die lewe nie, maar wel om hom liewer te hê en meer op Hom te fokus.

***Wat is jou gebed vanaand vir jou gesin?***

Mag ons ‘n gemeenskap wees met gesonde ritmes, eenvoudige dinge vir mekaar doen, rustigheid uitstraal en doelgerig lewe.  Dít is die gemeenskap waarvan Paulus in Handelinge gepraat het.

AMEN.




MY GEBED...